

9 Julie 2013

**Skrifgedeelte: Psalm 104:1-5, 34**

**Fokusgedeelte: Psalm 104:3, 4**

### **Ek verwonder my oor Hom wat op die wind loop**

Saam met die Psalmdigter wil ek sê: "Mag hierdie bepeinsing van my vir Hom aanneemlik wees! Ek wil my in die Here verbly" (vs. 34). As gelowige kyk ek met 'n ander oog na die natuur – selfs al weet ek wetenskaplik "hoe dit werk". Vir my is die wind nie bloot bewegende lug wat deur hoog- en laagdrukstelsels en hitte en koue veroorsaak word nie.

Winde wat waai, hou altyd 'n misterie in. Al kan ons hulle beweging met die hulp van satellietfoto's volg, wéét ons dat ons hulle nie kan beheer nie. Geen aardse mag kan hulle opdam of die rigting van hulle baan verander nie. Dikwels moet ons magteloos toekyk hoe hulle pad van verwoesting loop. Ander kere staan mense weer verbaas oor hoe gou en skadeloos hulle uitwoed, maar die gelowige wéét dat Hy "wat op die vleuels van die wind wandel" hulle ook tot rus kan bring (Matt. 8:26, 27).

Sommige winde kry selfs name, omdat hulle so gereeld hulle opwagting maak. "Die Augustuswinde bring reën", sê ons. Die "Eurakilon" (Hand. 27:14) het God se apostel aangehelp om voor die keiser te gaan getuig. En tog is hulle maar net instrumente in die hand van ons Skepper vir Wie die winde ook as boodskappers dien.

En wat van "windstiltes"? Die fabrieksrook word nie weggewaai nie, die wolke wat reën bring, word nie aangewaai nie, die hitte word ondraaglik. Is God dan afwesig? Nee, ook in die windstilte kan ek my verwonder oor sy teenwoordigheid, want óók die windstilte skep vir my 'n geleentheid om oor Hom te peins. Ek verbly my in Hom wat oral teenwoordig, altyd naby en altyd goed is vir my.

*Sing: Psalm 104-1:17, 18, 20*

*Ds. JA Schutte (Sasolburg)*